# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan die Versekerde Persoon.

Die Maatskappy betaal ten behoewe van die Versekerde Persoon of sy boedel aan die Versekerde die vergoeding wat in die bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige Versekerde Persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die bylae onder die opskrif "Omstandighede".

Vir interne makelaar gebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## OMSKRYWINGS

**Akkumulasieperk** sal beteken die maksimum aanspreeklikheid van die Maatskappy (met inbegrip van enige versekerde uitbreidings) vir alle Versekerde Persone wat voortspruit uit enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n oorspronklike oorsaak.

**Jaarlikse verdienste** sal beteken die jaarlikse koers van die loon, salaris en lewenskostetoelae wat deur die Versekerde aan die Versekerde Persoon betaal of toegelaat word ten tyde van die toevallige liggaamlike besering plus die oortydbetaling, huurgeld, voedseltoelaes, kommissie en ander vergoeding van 'n deurlopende aard wat deur die Versekerde aan die Versekerde Persoon betaal of toegelaat word gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die toevallige liggaamlike besering.

**Jaarlikse verdienste grondslag** sal beteken dat die vergoeding gebaseer sal wees op die Jaarlikse Verdienste van die Versekerde Persoon.

**Gemiddelde weeklikse verdienste** sal beteken een twee-en-vyftigste deel van die Jaarlikse verdienste.

**Vaste bedrag grondslag** sal beteken dat die vergoeding gebaseer sal word op die bedrag vermeld in die bylae.

**Versekerde Persoon** sal beteken enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde gespesifiseer in die bylae.

**Maksimum perk enige enkele Versekerde Persoon** sal beteken die maksimum aanspreeklikheid van die Maatskappy vir enige enkele Versekerde Persoon (met inbegrip van enige versekerde uitbreidings) wat voortspruit uit enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n enkele oorsaak.

**Mediese onkoste** sal beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en -ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitende die koste en uitgawes wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van die Versekerde Persoon indien hy vasgekeer is of om die Versekerde Persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis aangegaan word.

**Permanente Ongeskiktheid** sal beteken die liggaamlike beserings aangedui in die tabel hieronder met die opskrif "Vergoeding vir Permanente Ongeskiktheid".

**Tydelike Algehele ongeskiktheid** sal beteken 'n tydelike algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen.

**Voertuig** sal beteken enige voertuig ontwerp of aangepas vir aandrywing of vervoer op 'n pad deur middel van brandstof, gas of elektrisiteit, insluitende 'n sleepwa, 'n woonwa, 'n landboukundige of enige ander implement ontwerp of aangepas om deur sodanige voertuig gesleep te word.

## VERGOEDING VIR PERMANENTE ONGESKIKTHEID

Vergoeding vir elke liggaamlike besering sal bereken word deur die vergoeding vir Permanente Ongeskiktheid te vermenigvuldig soos aangedui in die polisbylae met die persentasie aangedui onder die Persentasie van Vergoeding opskrif hieronder:

**Beskrywing van Permanente Ongeskiktheid** **Persentasie van vergoeding**

(a) verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate ........................ 100

(b) permanente en algehele verlies van

hele oog ........................ 100

sig in oog ........................ 100

sig in oog behalwe waarneming van lig ........................ 100

(c) permanente en algehele gehoorverlies in

albei ore ........................ 100

een oor ........................ 35

(d) permanente en algehele spraakverlies ........................ 100

(e) beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor Sodanige Persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen ........................ 100

(f) verlies van vier vingers ........................ 80

(g) verlies van duim of gedeelte daarvan (met dien verstande dat ten minste 'n hele falanks verloor is) ........................ 30

(h) verlies van enige ander vinger of gedeelte daarvan (met dien verstande dat ten minste'n hele falanks verloor is) – per vinger ........................ 15

(i) verlies van middelhandbene – per middelhandbeen ........................ 5

(j) verlies van tone

almal aan een voet ........................ 35

per toon of gedeelte daarvan (met dien verstande dat ten minste 'n hele falanks verloor is) ... 7

(k) permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die

gesig en nek – 100% van oppervlak geskend ........................ 75

oorblywende dele van die liggaam behalwe die gesig en nek – 100% van die oppervlak geskend ........................ 50

# OPSIONELE BEPERKING TEN OPSIGTE VAN DEKKING

## 1. Besigheidsbeperking (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van die toevallige liggaamlike besering van die Versekerde Persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid.

## 2. Besigheidsbeperking insluitende reis na en van werk (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van die toevallige liggaamlike besering van die Versekerde Persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid insluitende, (indien so in die bylae vermeld), direkte reis na en van die werk en die woning van die Versekerde Persoon.

## 3. Voertuigverwante ongelukke alleenlik (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van die toevallige liggaamlike besering van die Versekerde Persoon wat ontstaan uit ‘n gebeurtenis waarby ‘n Voertuig betrokke is, hetsy sodanige Versekerde Persoon ‘n bestuurder van of passasier in sodanige Voertuig was, of ‘n voetganger.

# VOORBEHOUDSBEPALINGS

Daar word verklaar en ooreengekom dat:

1. die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir die dood of Permanente Ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid en Mediese Uitgawes vir die dood of ongeskiktheid van enige enkele Versekerde Persoon wat ontstaan uit ’n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit;

2. indien die besering wat lei tot ‘n Permanente Ongeskiktheid nie gespesifiseer is nie, die Maatskappy sodanige som sal betaal, as wat in hulle opinie, in ooreenstemming is met die bogenoemde beskrywings van Permanente Ongeskiktheid;

3. met betrekking tot permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde (k), indien minder as 100% van die oppervlak geskend is, sal die Maatskappy sodanige gedeelte van 75% of 50% onderskeidelik betaal as die verhouding waarin die werklike skending van die oppervlak staan tot 100% oppervlak skending. Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie om vir enige eis te betaal tensy die skending weens brandwonde 10% van die oppervlak van óf die gesig en nek, óf 10% van die res van die liggaam (buiten die gesig of nek) oorskry;

4. permanente algehele verlies van gebruik van ‘n liggaamsdeel as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou word;

5. 100% die maksimum persentasie vergoeding is wat betaalbaar is vir Permanente Ongeskiktheid weens ’n ongeval of ’n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele Versekerde Persoon;

6. die vergoeding wat ten opsigte van Tydelike Algehele Ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer nie as die maksimum getal weke wat in die bylae vermeld word en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak sover redelikerwys moontlik herstel het, nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur;

7. indien die Versekerde die Maatskappy versoek om die Versekerde Persoon direk te betaal na liggaamlike besering, sal enige vergoeding betaalbaar deur die Maatskappy op ‘n Jaarlikse Verdienste Grondslag vir enige tydperk van Tydelike Algehele Ongeskiktheid of vir Mediese Uitgawes, verminder word met ‘n bedrag gelykstaande aan die vergoeding ontvang of ontvangbaar deur of namens sodanige Versekerde Persoon ingevolge enige werkersvergoedingswetgewing;

8. die Versekerde Persoon sal, nadat hy ’n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar mag wees, ’n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die Maatskappy van hom vereis word. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot sy bevrediging nagekom is nie;

9. Algemene Voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie afdeling van toepassing is nie;

10. slegs ten opsigte van hierdie afdeling Algemene Uitsluiting 1 geskrap en deur die volgende vervang word:

    “Hierdie afdeling dek nie dood of besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van ’n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.”

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding. Waar meer as een uitbreiding dieselfde of soortgelyke dekking verskaf, sal die Versekerde geregtig wees om slegs onder een uitbreiding te eis vir die

gedeelte van dekking wat dieselfde is.

## Ontvallingsuitgawes (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

In die geval van die dood van die Versekerde Persoon, sal die Maatskappy die vergoedingsperk betaal soos gespesifiseer in die Bylae teenoor hierdie uitbreiding bykomend tot die vergoeding betaalbaar vir die toevallige dood van sodanige Versekerde Persoon.

## Verdwyning

In die geval van die verdwyning van enige Versekerde Persoon in omstandighede wat die Maatskappy tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige Versekerde Persoon gelei het, veronderstel die Maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die Maatskappy 'n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van sodanige Versekerde Persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word.

## Noodvervoer / Soek-en-redding (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die redelike koste en uitgawes betaal wat noodsaaklikerwys aangegaan is vir:

1. noodvervoer van 'n Versekerde Persoon na 'n mediese fasiliteit opvolgend tot 'n Omskrewe Gebeurtenis;
2. soek, redding, bevryding van die Versekerde Persoon indien vasgekeer en om 'n Versekerde Persoon na 'n plek van veiligheid te bring opvolgend tot 'n Omskrewe Gebeurtenis of om te verhoed dat 'n Omskrewe Gebeurtenis plaasvind

Met dien verstande dat:

1. die Maatskappy nie ingevolge 2 hierbo aanspreeklik sal wees nie indien 'n Versekerde persoon gevind word in omstandighede wat onwaarskynlik tot die plaasvind van 'n Omskrewe Gebeurtenis aanleiding sal gee;
2. die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die vergoedingsperk sal beloop wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word vir enige enkele Versekerde Persoon.

## Blootstelling

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

## Kaping, ontvoering of verdwyning (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien Tydelike Algehele Ongeskiktheid verseker is, sal die Maatskappy enige verdwyning, kaping of ontvoering van 'n Versekerde Persoon hanteer as 'n versekerde gebeurtenis vir die doeleindes van die voordele vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid en Mediese Uitgawes, met dien verstande dat:

1. die voordeel van Tydelike Algehele Ongeskiktheid beperk is tot die minste van die tydperk van die verdwyning, kaping of ontvoering en ag weke;
2. geen voordeel betaalbaar sal wees nie indien enige van die Versekerde Persoon se naby familie betrokke is in die ontvoering/kaping/verdwyning as 'n hoofskuldige of medepligtige.

## Lewenshulpmasjinerie

Nieteenstaande enigiets in die omskrewe gebeurtenisse vervat sluit die 24 maande-tydperk daarin vermeld nie enige tydperk of tydperke in waar die dood van die Versekerde Persoon uitsluitlik vertraag word deur die gebruik van lewenshulpmasjinerie, -toerusting of -apparaat vir tydperke van minstens 3 agtereenvolgende dae nie.

## Beweeglikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die Versekerde Persoon 'n Permanente Ongeskiktheid opdoen waarvoor vergoeding deur die Maatskappy betaalbaar is en as die regstreekse gevolg van sodanige Permanente Ongeskiktheid permanent van 'n rystoel afhanklik is vir beweeglikheid, sal die Maatskappy betaal vir:

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

1. 'n meganiesaangedrewe rystoel;
2. die ombouing van die kontrole van sodanige Versekerde Persoon se motorvoertuig en indien nodig, die installering van rystoellaaitoerusting;
3. verbouings aan sodanige Versekerde Persoon se woning om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rystoel

met dien verstande dat:

1. die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die vergoedingsperk sal beloop soos vermeld in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vir enige enkele Versekerde Persoon;
2. die vergoedingsperk soos vermeld in die bylae teenoor hierdie uitbreiding betaalbaar sal wees bykomend tot enige vergoeding betaalbaar vir Permanente Ongeskiktheid.

## **Passiewe oorlog** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enige iets tot die teendeel vervat in voorbehoudsbepaling 10, sal liggaamlike besering geag word om besering van die Versekerde Persoon in te sluit, veroorsaak deur, in verband met of as gevolg van oorlog, inval, optrede van buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is, al dan nie), burgeroorlog, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag.

Met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie om vergoeding te betaal weens die feit dat die Versekerde Persoon direk en/of aktief deelneem aan of betrokke is by voormelde aktiwiteite terwyl diens gedoen word in enige gewapende mag of andersins, behalwe, waar van toepassing, slegs tot die mate om sodanige optredes of stappe te neem wat redelikerwys vereis word om homself, sy familie of die eiendom van sy werkgewer te beskerm.

Indien die Maatskappy beweer, uit hoofde van hierdie bepaling, dat liggaamlike besering van die Versekerde Persoon nie deur hierdie uitbreiding gedek is nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## **Rehabilitasie** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die Maatskappy 'n eis betaal het vir Permanente Ongeskiktheid en 'n Versekerde Persoon as 'n direkte gevolg van daardie ongeskiktheid nie in staat is om sy gewone beroep te beoefen nie, maar behou kan word om 'n ander beroep by die besigheid van die Versekerde te beoefen, sal die Maatskappy ook betaal vir die koste van heropleiding, plus enige koste aangegaan om die Versekerde Persoon se werksplek aan te pas, met dien verstande dat:

1. die aanspreeklikheid van die Maatskappy met betrekking tot 'n ongeluk of reeks ongelukke wat voortspruit uit een oorsaak hoogstens die vergoedingsperk sal beloop wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word vir enige enkele Versekerde Persoon;
2. die vergoedingsperk wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word betaalbaar sal wees bykomend tot enige vergoeding betaalbaar vir Permanente Ongeskiktheid.

## **Repatriasiekoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

In die geval van die dood of ernstige toevallige liggaamlike besering van 'n Versekerde Persoon wat plaasvind weg van die Versekerde Persoon se normale verblyfplek, sal die Maatskappy betaal vir die redelike en noodsaaklike uitgawes vir die repatriasie van die Versekerde Persoon (of die liggaam van die Versekerde Persoon in die geval van dood) na sy normale verblyfplek, met dien verstande dat:

1. die eis vir dood of ernstige toevallige liggaamlike besering gedek is deur hierdie afdeling;
2. die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die vergoedingsperk sal beloop wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word vir enige enkele Versekerde Persoon;
3. die vergoedingsperk wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word betaalbaar sal wees bykomend tot enige vergoeding betaalbaar vir dood of Permanente Ongeskiktheid;
4. indien daar 'n eis ontstaan vir ernstige liggaamlike besering, moet die vooraf toestemming van die Maatskappy verkry word om die Versekerde Persoon te repatrieer.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

**Traumakoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien ‘n Versekerde Persoon sielkundige trauma opdoen wat berading deur ‘n gekwalifiseerde psigiater of sielkunidge vereis, opvolgend tot ‘n omskrewe gebeurtenis, sal die Maatskappy die Versekerde Persoon se beradingsuitgawes betaal, met dien verstande dat:

1. die aanspreeklikheid van die Maatskappy met betrekking tot ‘n ongeluk of reeks ongelukke wat voortspruit uit een oorsaak hoogstens die vergoedingsperk sal beloop wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word vir enige enkele Versekerde Persoon;
2. die vergoedingsperk wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word betaalbaar sal wees bykomend tot enige vergoeding betaalbaar vir die omskrewe gebeurtenis wat die berading vereis.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal ten opsigte van enige Versekerde Persoon nie:

1. wat ouer of jonger is as die maksimum of minimum ouderdomme onder Ouderdomsbeperking of enige Ouderdomsbeperking kwytskelding wat in die bylae vermeld word;
2. terwyl hy per lug reis, buiten as passasier, en nie as ‘n lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop nie;
3. deur sy selfmoord of moedswillige selfbesering;
4. wat uitsluitlik veroorsaak word deur ‘n bestaande fisieke gebrek of swakheid van die Versekerde Persoon;
5. weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op die Versekerde Persoon tensy dit toegedien word deur ‘n lid van die mediese beroep (behalwe hyself) of tensy voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ‘n lid van die mediese beroep (behalwe hyself);
6. weens sy deelname aan enige oproer, burgerlike onrus of terrorisme;
7. terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan:
    - 7.1 motorfietsry (insluitende driewielmotorfietsry) hetsy as bestuurder of as passasier, maar hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees nie indien dit op die besigheid van die Versekerde is;
    - 7.2 vierwielmotorfietsry hetsy as bestuurder of as passasier, maar hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees nie indien dit op die besigheid van die Versekerde is;
    - 7.3 wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe
        - 7.3.1 voertuig
        - 7.3.2 vaartuig
        - 7.3.3 tuig;
    - 7.4 bergklim wat die gebruik van toue vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal of hangswewery.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge